RAADSBELEID

ONDERWERP : VEILING VAN RAADSEIENDOM

VERWYSING : 6.1.4

BESLUIT NR : 22/10/2002 DATUM : 28 Oktober 2002

BELEIDSOOGMERK : Om die aanstelling van ‘n geskikte afslaer vir die Raad se veiling van uitgediende toerusting en materiaal te verseker.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSEL

Daar moet op die een of ander wyse oor die Raad se uitgediende toerusting en materiaal beskik word. Die Raad maak gebruik van veilings, ten einde uitgediende materiaal en toerusting te verkoop, sodoende genereer die Raad ook nog ‘n inkomste uit die verkoop van uitgediende materiaal en toerusting.

RIGLYNE

Dat daar by die Raad se veilings van privaatafslaers gebruik gemaak word.

PROSEDURE

Die Senior Rekenmeester: Magasyne moet jaarliks kwotasies aanvra vir afslaers wat gebruik sal word by die Raadsveilings.

Die kwotasies moet aan die Direksie vir aanvaarding voorgelê word.

ROLLE

Die Senior Rekenmeester : Magasyne en Direksie.

VERWANTE BELEID

Beskikking oor afgeskryfde en uitgediende voorraad.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.